LIGDRAERS VAN GOD

MIDWEEK

Nuusbrief van NG Nelspruit-Suid
013 – 744 1925

Beste Lidmaat en gesin,

Tema: Dankbaarheid
Skriflesing uit Markus 9:9-13

In Markus 8-10 leer ons oor ons nuwe identiteit as volgelinge van Jesus wat van ons vra om kruisdraers, dienaars en slawe te word van alle mense.

Markus 8-10 isstil hoofstukke in kerklike geledere. Miskien maak hierdie hoofstukke ons nette ongemaklik om te veel daaroor te praat. Markus 8-10, daag ons uit om 'n nuwe CV op te stel; een wat geskoei is op die navolging van Jesus. As ons reg wil leef vir Jesus, moet ons sy styl navolg. Dit is so eenvoudig en so ingewikkeldsoos dit. Om in pas met Jesus te wees, moet ons agter Hom aan leef. Ons moet die spesifieke rolle wat Hy vir ons in gedagte het ons eie maak – ons nuwe IDis kruisdraers (Markus 8:34); dienaars (Markus 9:35; 10:43); kinders (Markus10:15); slawe (Markus 10:44).

Ons word geroep tot nederigheid, tot afhanklikheid van God, tot minder-wees. Eers moet ons al ons godsdienstige arrogansie uit die pad kry voordat ons reg kan praat oor Jesus. Dit bring ons by die vraag oor waarom beveel Jesus mense om stil te bly oor Hom? Een van Jesus se opdragte wat die meeste in die Markus evangelie herhaal word, is dat mense moet stilbly oor Hom en oor wat Hy vir hulle gedoenhet (Mk. 1:34, 43-44; 3:11-12; 5:43; 8:26). Uiteindelik kry selfs die dissipels hierdie swyg opdrag in Markus 9:9. Waarom?

Jesus wou nie hê die mense moes oor Hom praat voordat hulle ontdek het wie Hy regtig is nie. Om net oor Jesus se wonders en sy groot dade te praat, soos elkeen wat in dieMarkusevangelie tot swye opgeroep word dit persoonlik beleef het, is slegs diehelfte van die volle waarheid. Dit is die tweede helfte van hierdie waarheidwat vir Jesus so lewensbelangrik is, want die tweede helfte gaan oor sy dienaars hart.

Eers wanneer mense al die pad kruis toe saam met Jesus gestap en sy ware identiteit as die Dienskneg uit die hemel leer ken het, kry hulle toestemming om oor Hom tepraat. As hulle die kruis en opstanding snap, moet hulle juis begin praat, soos Jesus vir sy dissipels in Markus 9 sê. “Bly stil, totdat ...” Dit is wat Jesussê vir elkeen wat Hom nog nie ten volle verstaan nie. Jesus weier dat mense Hom net sien of ophemel as 'n Wonderwerker, Gebedsverhoorder of Probleemoplosser.

Ja, Jesus isinderdaad die magtige Seun van God, maar Hy is terselfdertyd die lydende Seunvan die mens. Om Hom te volg is nie net om wonderwerke, suksesse en deurbrakete ervaar nie, maar ook vernedering, verwerping en nikswees. Dit is om te leerom sy kruis te dra en sy dienaar te word. Dit is om agter in die ry te val enander op die hande te dra, soos Jesus gedoen het. En om elke keer soos kindertjies weerloos in die arms van die Here te val.

Jy sal agterkomJesus gebruik jou graag ten spyte van jouself, nie as gevolg van jouself nie.Jou gebreke, swakhede en broosheid keer Hom nie om jou in sy diens te gebruiknie. Dit is nie Jesus se styl om met “volmaakte mense” te werk nie. Jy moetweet, die rol van slaaf, dienaar, kind en kruisdraer wat Jesus vir jou ingedagte het, is nie romanties nie, maar dit is bevrydend. Dit is nie glorieryk nie,maar dit laat jou God se heerlikheid nou reeds sien. Dit is nie maklik nie, maar dit is die lewe self.

Jesus se stylmaak jou 'n fyn-kenner van God se genade in ander mense. Jy sien sy handewerkal meer in jouself raak. Jy groei dieper in afhanklikheid van God en jy raak al vryer van jou selfgesentreerdheid.

Onthou jy dra nouJesus se kruis. Jy kyk nou in verwondering op na God. Jy bemeester ook dieinhoud van die nuwe CV. Jy is kind van God, dissipel van Jesus, jy iskruisdraer, dienaar en slaaf en koninkrykbouer oral waar jy jouself mag bevind.

Ons moet weerleer om mense te dien. Dienaars van Jesus, soos ons, het nie die luukse om tebesluit wie ons wil dien en wie nie. Ons is Jesus se voltydse kelners, daaromis almal welkom by ons lewenstafel.

Alle mense het groot waarde in ons oë en ons wys dit met ons woorde en dade. As ons dit doen,gaan daar op verskillende maniere mooi deure oop vir die evangelie, want niemand is teen respek bestand nie. Die liefde doen niemand kwaad aan nie. Woede en 'n gebrek aan respek doen mense skade aan, maar ons keer dit, deurmense op Jesus se manier te dien.

Sy plan en op drag is eenvoudig: om mense lief te hê. Net maar dit. Ek skuld mense God se liefde. Dit leer Paulus my in Romeine 13:8-14. Ek teiken mense nooit met enige geheimeplanne nie, ek dien hulle sover ek kan in liefde.

Gebed: Here, dankie dat U vir my lief is, net soos wat ek is. Lei my deur u Heilige Gees om elke dag nuwe identiteit in Christus uit te leef oral waar ek is. Mag ek U liefde vir my en in my so gaan uitleef dat U daardeur geken en verheerlik word. Amen.

Verdere Nadenke:

Waarom gee Jesus aan sy volgelinge hierdie nuwe rolle/identiteit van slawe, kruisdraers, kinders en dienaars?

Wat leer jy vanuit Markus 8:34 oor jou identiteit as kruisdraer?

- Hoe beïnvloed dit jou lewe vorentoe?

Wat leer jy vanuit Markus 9:35; 10:43 oor jou identiteit as dienaar?

- Hoe lei dit jou om jou geloof daagliks uit te kan leef?

Wat leer jy vanuit Markus 9:36-37; 10:15 as kind van God?

- Hoe laat dit jouself sien? Hoe laat dit jou ander gelowiges sien?

Wat leer jy vanuit Markus 10:44 oor jou identiteit as slaaf?

- Hoe/waar lei dit jou om jou konings-klere uit te trek en jou werksklere aante trek in God se koninkryk?

Hoe hou ons rolle van slawe en dienaars verband met dit wat Paulus skryf in Filippense 2:5-11?

Vir volledige videoboodskap oor die tema, **klik hier.**

Knie-aksie

Bid asb vir lidmate wat ongesteld is, herstel na operasies of tans in die hospitaal is:

Lex Bester
Marlie Hagen (dogter van DC en Annelize Human)
Annatjie Hefer
Janet Starbuck
Sme Van Zyl
Jo Viljoen
Les Williams

Die Bybelstudie is beskikbaar op YouTube, **Klik hier vir video**.

Donderdag 23 November	10:00	Rubicon Bybelstudie Ds Louis Pienaar 082 878 1743
	18:00	Delf in die Woord in die konsistorie Kerkkantoor 013 744 1925
Vrydag 24 November	14:00	Uitsending van Roudiens wyle Hannelie Craig
Saterdag 25 November	11:00	Senior Lidmate se Kersete
Sondag 26 November	08:30	Erediens, Nagmaal, Kleuterkerk en Gemeente ete
	18:00	Koinonia byeenkoms in die konsistorie Chris Mostert 082 555 1946
Maandag 27 November	10:00	Bateleur Bybelstudie Dr. Jean Strydom 083 572 4868
Dinsdag 28 November	10:00	Naomi (Senior) Kuier Susan v Huyssteen 084 964 2847
	18:00	Mannegroep in die lapa Ds Louis Pienaar 082 878 1743
Woensdag 29 November	06:00	Broodbreek in die konsistorie Kerkkantoor 013 744 1925

Verjaarsdae 75jaar en ouer
Baie geluk aan…

November

24ste	-	Michael Collins
	-	Willie Engelbrecht
25ste	-	Marie vd Merwe
27ste	-	Magriet Coetzer

PROJEK 500

500 Geskenke vir Senior Burgers

Sakkies by deure, bring terug voor of op
Maandag 11 Desember 2023
Handig in by kerkantoor of Sondae by Kerk

Lidmate wat by dienste lewer:

Algemene Praktisyn: City Health, Henshallstraat 21, Winkel 6B. Woensdae R350 konsultasiefooi vir pensionarisse. Dr Sentene Goosen by 078 389 2444.

Verkoop of koop van u eiendom: Skakel Miemie Ferreira by 0834682058

Verskaf en vervang rou riempies: Skakel Dewald 082 680 5806.

Glasfit. Alle motor en huis glas, Windskerm-*chip repairs*, *Motor Smash and Grab* tint, Huis Tint, Xpanda sekuriteits produkte, alle motor rubbers en *clips*. Sekelbos en Hardekool braaihout Skakel Henri 082 551 7779.

Windskerms & Ruite: Vervang en herstel. Skakel Maritha Snyman by 084 589 0620

Algemene Instandhouding en Onderhoud : Skakel Hennie Venter by 082 927 3638

Shekaina Design & Landscaping: Skakel Hennie Venter by 082 927 3638.

Lost Trail Gastehuis: Skakel Annelize by 082 462 5548

Benodig jy hulp met klein takies? Gerald Visser help graag. Skakel hom by 072 313 5640

CM on the go Accounting and HR Services: Payroll, boekhouding, CIPC, persoonlike- en besigheidsbelasting, ens. Skakel Charmain Mitchell 082 493 3557

ITNS: Rekenaar herstelwerk, harde- & sagteware, opgraderings, network ontwerp, hoofrekenaar installering en onderhoud, virus verwydering, ens. Skakel vir Pieter Van Den Bergh by 0824509452

Organiese groente-aanvulling: Bou jou immuunstelsel met organiese groente- poeiers, kry leiding in goeie eetgewoontes. Yolanda De Villiers by 082 819 6977

GoFocus Learning Centre: Remediërende hulp aan leerders met disleksie, ADD, ADHD. Lees, begrip, spelling, handskrif ens. Ontwikkel deur disleksie spesialis. Kontak Freda Grobler by 0824151508

Tyres & More: Bande, nitrogen, remme, skokbrekers, batterye, diens van voertuie uit waarborg, suspensie parte ens. H/v Emnotweni & Madiba Rylaan. Kontak vir Charles Bodemer by 013 752 4388

Werksgeleentheid:

Boekhouer vir Fisioterapiepraktyk: Rekeningkundige kwalifikasie. Vir meer inligting skakel Elzette Kruger by 082 446 2282

Middag versorger vir 2024 vir 3 kinders: Opsoek na n deeltydse vrouestudent of 2023 matriekmeisie wat in die middae kan rondry na aktiwiteite en seker maak hulle doen huiswerk. Whatsapp 0828533502.

Egpaar soek een- of tweeslaapkamer woning om te huur. Skakel Annetjie Klopper 076 309 0004

SUID Onderlinge Sorg

Seën vir die week!

Vriendelike groete,
Jean, Louis en Gerrit